Tuin van Digters, die tuiste van die Afrikaanse digkuns, word moontlik gemaak deur **Dagbreektrust** se trust vir kuns, kultuur en erfenis in samewerking met **NB Uitgewers**



“Kyk hoe die jare van geen belang is nie. Kyk hoe sorgvry is daardie ek wanneer hy aan die oseaan raak en dit ruik, hoe hy ingelyf is by tyd. Kyk na die klippies in die sand. Nou is ek mens. Dit is waaroor die Tuin gaan: die klip wat nie daar is nie. Dit is hoekom ’n gedig oor woorde gaan.”

- Jan Afrika

vrydag 22 oktober 2021

TUIN VAN DIGTERS 2020 SE WOORDMAKERS

16:00 – 16:45 | Akkoordtent

Video-aanbieding: Fiësta en kykNET

Met: Jy en sy en hy en ek en vele ander woordmakers

Fiësta het in November 2020 by die Tuin van Digters gekuier en ’n pragtige program saamgestel met Frazer Barry as aanbieder. Die program is in Februarie vanjaar op kykNET gewys.

Kom klink ’n glasie en maak reg om rustig te kyk en te luister na die woorde en skeppings van die woordmakers by vanjaar se tiende Tuin van Digters!

KLANKE UIT DIE WOORDMAKERSVALLEI

17:00 – 17:45 | Akkoordtent

Met: Curtis van Kerwel

In die Woordmakersvallei kan musiekmakers ook leer hoe om hulle slag met instrumente te slyp. Die leermeester hier by die sentrum kry ons in stemming vir die fees.

RECTO/VERSO: GROEPUITSTALLING OPEN

18:00 – 18:45 | Breytenbach Galery

Openingspreker: Frank Kilbourn, voorsitter van Strauss & Co

Opening van die groepuitstalling deur die kunstenaars William Kentridge, Christiaan Diedericks, Shui-Lyn White, Linda Weaver, Sharle Matthews, Estelle Marais, Angus Taylor, Michele Nigrini, Marieke Kruger, Judy Woodborne, Kobus Coetzee, Neelan Naidoo, Ceramic Matters en Peter van Straten. Bespreek by Anne-Ghrett by 083 415 0002.

HOKHOKAAI IN DIE WOORDMAKERSVALLEI

19:00 – 19:45 | Akkoordtent

Met: Catherine du Toit en die pianis José Dias

Luister na voorlesings van gedigte en skryfsels (saam met musiek vir die siel uit Breyten Breytenbach se volksboekie HOKHOKAAI FRAGMENTE). Hy het die boekie in Julie by die Sentrum bekendgestel ten bate van die Grevilleas Steunfonds as deel van die Projek Woordmakersvallei. Du Toit is professor in Franse en Vergelykende Letterkunde aan die Universiteit Stellenbosch en werk as literêre vertaler tussen Afrikaans, Frans en Engels. José is in Portugal gebore en gesog as solis, begeleier en ook in kamermusiek.

ALFRED SCHAFFER GEHULDIG: WOORDEN WORD WOORDE

20:00 – 21:00 | Akkoordtent

Aangebied deur Mont du Toit Kelder

Met: Danie Marais en Yves T’sjoen en voorlesings van Alfred Schaffer se gedigte

Die Nederlandse digter Alfred Schaffer wat al jare lank in Suid-Afrika woon en wie se gedigte en bundels al in Afrikaans vertaal is, is die digter wat vanjaar by Tuin van Digters gehuldig word. Buiten sy eie digkuns en prosa het hy ook gedigte van Antjie Krog, Ronelda Kamfer en Koleka Putuma in Nederlands vertaal. Schaffer het ook pas Nederland se belangrikste literêre verering, die PC Hooft-prys, vir sy digkuns-oeuvre, ontvang.

WOORDE, MUSIEK, LIRIEK EN KERAMIEK

21:00 – 22:00 | Akkoordtent

Met: Hanna Pretorius en Bram Potgieter

Woorde en woorden kunnen ook zingen. Woorde uit Nederland en hierdie land klink op in die Woordmakersvallei. Werke van klei gee nuwe vorm aan Coenie de Villiers se woorde en ons hoor hoe musiek op kunswerke pryk.

ALFRED SCHAFFER GEHULDIG

Alfred Schaffer is ’n Nederlandse digter gebore op 16 September 1973 – hy en Breyten Breytenbach (16 September 1939) deel verjaardae. Hy is van Nederlands-Arubaanse afkoms en het Nederlandse Taal- en Letterkunde, asook Film- en Teaterwetenskappe, in Leiden gestudeer.

Hierna was hy in Amsterdam werksaam as ’n redakteur by die literêre uitgewers Cossee en De Bezige Bij, waar ook sy eie poësie gepubliseer is.

Hy het in 1996 na Suid-Afrika gekom en in 2002 ’n doktorsgraad verwerf aan die Universiteit van Kaapstad. Hy skryf ook vir Die Burger en Beeld oor Nederlandse literatuur en het saam met Antjie Krog gewerk.

Sy debuutbundel, *Zijn opkomst in de voorstad*, verskyn in 2000. Hierna verskyn nog etlike ander digbundels, soos *Dwaalgasten* (2002), *Geen hand voor ogen* (2004), *Schuim* (2006) en *Kooi* (2008), *Mens dier ding* (2014) en *Postuum. Een lofzang* (2016).

Hy is in 2014 aangestel as dosent by die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch. In 2013 verskyn *Kom in, dit vries daar buite* by Protea Boekhuis, ’n keur uit sy eerste vyf digbundels, vertaal deur Daniel Hugo. *Mens dier ding* is deur Zandra Bezuidenhout onder 'n gelyknamige titel in Afrikaans vertaal en in Desember 2018 deur Human & Rousseau uitgegee.

Sy digwerk is al dikwels bekroon, onder andere met die Paul Snoek-prys, die Awater Poësieprys, die Charlotte Köhler Prys, die Ida Gerhardt Poësieprys, die Jan Campert-prys en die Hugues C Pernath-prys, en sy gedigte is al in Engels, Frans, Duits, Spaans, Chinees, Sweeds, Turks en Indonesies vertaal.

Op 14 Desember 2020 het die Nederlandse Stichting P.C. Hooft-prijs voor Letterkunde die gesogte P.C. Hooft-prys vir 2021 aan Schaffer toegeken. Hy het die prys vroeër vanjaar ontvang.

saterdag 23 oktober 2021

'N WELKOMKLOP VAN WELLINGTON SE KLOPSE

08:00 – 09:00 | Digterstuin

Met: Troeplede van die Wellington Superstars

Wellington is bekend vir sy Klopse en gaan vroegoggend woordmakers en liefhebbers van woord, kuns en musiek op eg tradisionele wyse verwelkom in die digterstuin.

LEWENSREISE IN WOORDE VASGEMESSEL

09:00 – 09:45 | Akkoordtent

Met: Diana Ferrus, Gaireyah Fredericks en lede van die Mengelmoesdigters

Luister hoe die mandane deur Mengelmoes woordmakers, wat in 2012 by die Breytenbach Sentrum onder leiding van Diana Ferrus ontstaan het, gepen word.

BESTER LAAT DARWIESJ DIG IN AFRIKAANS

10:00 – 10:50 | Mont Du Toit Woordtent

Aangebied deur Naledi

Met: Bester Meyer en Desmond Painter

Bester Meyer se *Die vlug van 'n Vreemdeling,* sy vertaalde gedigte van Magmoed Darwiesj (1941-2008), het onlangs by Naledi verskyn. Darwiesj word gesien as een van die belangrikste digters in die Arabiese taal. Desmond Painter gesels met Meyer.

KLINKKLAAR MET DANIEL HUGO

11:00 – 11:45 | Mont Du Toit Woordtent

Met: Deborah Steinmair en Daniel Hugo

Deborah Steinmair gesels met Daniel Hugo oor sy jongste bundel *Klinkklaar* wat vroeër vanjaar by Protea Boekhuis verskyn het. Martjie Bosman skryf in 'n resensie op Litnet die volgende oor *Klinkklaar*: *Hierdie bundel met sy skone, grys omslag bevat meer as selfbewuste skrywery oor die rymery; dit staan in die teken van die groter wete van die dood wat onsigbaar skuil in die lewensasem, die besef dat die helder werklikheid kleur verloor het. En tog demonstreer die dikwels lugtige, dikwels ironiese verse in die bundel die teendeel: Een ding wat duidelik geword het in wat die nou al geykte en niksseggende "nuwe normaal" genoem word, is dat die gedrukte woord steeds die standhoudendste, die betroubaarste registrasie van die gees van 'n tyd bly, en dat die poësie steeds dié genre bly wat die gedagtes, gemoedstemminge en gebede van 'n radelose mensdom op die vinnigste, indringendste en aangrypendste wyse kan uitspreek.*

JONK EN OUD SE MONDWOORDE

Die Breytenbach Sentrum se jeugdireksie onder leiding van Kobus Coetzee en Anouk Cronjé **nooi enige digter of voornemende digter met gedigte in die onderste laai of in die kop** om dit Saterdag 23 Oktober om 12:00 op die tuinverhoog en elders te kom voordra. Kontak gerus vir Kobus by 073 538 8771 of Anouk by anoukcronje02@yahoo.co.za.

MASKERS EN MURE: 'N BLOEMLESING OOR DIE PANDEMIE

12:00 – 12:45 | Akkoordtent

Aangebied deur Turksvy Publikasies

Met: Daniel Hugo en Hannes Visser en voorlesings deur van die digters

Turksvy Publikasies stel die bloemlesing pandemiegedigte *Maskers en mure* (met 142 bekende en onbekende digters) bekend. Daniel Hugo, mede-samesteller, en Hannes Visser, redakteur van die Oudtshoorn Courant, gesels oor die bloemlesing. Visser is mede-eienaar saam met Marlene Malan van Turksvy Publikasies en 'n digter van wie self ook 'n bundel, *Die jaar toe pa …* (Naledi 2019), verskyn het. Die gesprek sal gevolg word deur 'n spesiale program met toonsettings.

MASKERMUSIEK

13:00 – 13:45 | Akkoordtent

Met Frazer en Deniel Barry

Frazer en Deniel Barry sing getoonsette gedigte van digters wat bydraes gelewer het in die pandemie-bloemlesing *Maskers en mure*. Daar is ook werk van ander sangers en liriekskrywers in die bundel opgeneem, soos Koos Kombuis, Rocco de Villers en Churchil Naudé.

saterdag 23 oktober 2021

PJ PHILANDER: 100 JAAR WOORDMAKER

14:00 – 14:55 | Akkoordtent

Met: Daniel Hugo, Heindrich Wyngaard, Steward van Wyk en die Philander-seuns

Die digter PJ Philander se 100ste verjaardag word op 25 November 2021 gevier.

Philander het in 1955 gedebuteer met *Uurglas* en daarna volg nog ses digbundels, die kortverhaalbundel *Hoefyster vir die Hart* (1983) en die roman *Rebunie* (2000). In *Die bruin kokon* (1965) publiseer hy gedigte met kunswerke van Amos Langdown. Philander en sy vrou emigreer in 1969 na die VSA waar hy vir nog 30 jaar onderwys gee aan ’n Kwakerskool in Long Island, New York. Hy sterf in 2006 in Las Vegas.

In hierdie program kyk Daniel Hugo, bekroonde digter en samesteller van ’n keur uit Philander se gedigte, Heindrich Wyngaard, skrywer en radio- en televisieaanbieder en prof. Steward van Wyk (UWK) na die lewe en nalatenskap van Philander. In ’n video-opname gee sy seuns George, Dennis en Peter ’n persoonlike terugblik op hulle skrywerspa.

Aand op Genadendal

Dis stil ... die bome is kiets
wat in winderige nagte mekaar raps en piets...
net die laaste flou rookies wat in die lug rondwemel
en die maanskyn, voller in die ope hemel.

Ook die sterre skyn helder in die Dal
se deel van die hemel, ingeval,
deur Grootkop en Wonderklippe se reusige swart...
en ver hang die Suiderkruis windskeef apart.

Oumense kom van die nagwaak en praat
oor enkele lanterns hier en daar nog op straat,
wat swik met elke swaai in die stolpe...
Ja, klein is die liggies en onbeholpe.

Deur die donker Dal uit baviaansekloof hier
vloei die stroom na die eeu-oue Sondereinderivier,
terwyl Wonderklippe teen die noordewind waak
en die vuurvliegies een-een uitgedoof raak.

Uit: *Uurglas* (1955)

Wag

Wag tot die herfsdae, ingekort,
die akkerboomblare bruin laat word;
tot jy diep in die winter soos jou buitekraan
bars onder die koue in Pershinglaan.

Wag tot uitgehuil die winde gaan lê
en luister in stilte na wat sy dan sê:
wat vir jou voorlê, my ou dromer,
is ’n lente en ’n ewige somer.

Uit: *’n Keur uit sy gedigte* (1996)

Konka

Koulik langs pondokke saans
sit ons om konkas òf wees òf hans;

ruik die kwale van oupa en ouma
in kruie, salwe en doepa

en weet die koue sal duur
lank na hulle vergeet lê buite die kraalmuur.

Uit: *Konka* (1978)

Alkant selfkant

'Skuinstes klip' en 'dryfsels mis' het Philander
by oom Daantjie, oupa Freek en talle ander
in die Hantam geleer om die vure saans,
maar nou word dit bestempel as Oppermaniaans.

Uit: *Venster* (1982)

Aparte geriewe

Weerskante van ’n wit kerkhofmuur
tussen dieselfde sipresse rus
elkeen in sy eie doodskis.

Uit: *Venster* (1982)

(slotstrofe van die openingsgedig “Heildronk”)

“Ons wil niks meer hoor omtrent koker, gifpyl en boog,
slegs ’n hiep-hiep-hoera vir Piet Philander se trialoog.”

Uit: *Trialoog* (2002)

saterdag 23 oktober 2021

NUWE BUNDELS NUWE WOORDE

15:00 – 16:30 | Mont Du Toit Woordtent

Aangebied deur NB Uitgewers

Met: Ashwin Arendse, Ryan Pedro en Zandra Bezuidenhout lees gedigte uit hulle jongste bundels voor.

15:00 – 15:25: *Swatland* (Ashwin Arendse)
15:30 – 15:55: *Pienk ceramic-hondjies* (Ryan Pedro)
16:00 – 16:25: *Derde gety* (Zandra Bezuidenhout)

PANEELBESPREKING: VERSE OOR TAALGRENSE HEEN

17:00 – 17:45 | Akkoordtent

Aangebied deur PEN Afrikaans

Met: Marius Swart, Alfred Schaffer, Zandra Bezuidenhout en uitgewer Nèlleke de Jager

PEN Afrikaans bied ’n paneelbespreking oor die vertaling van poësie aan. Hoe en hoekom kom vertalings van gedigte tot stand? Wat is struikelblokke en ontdekkings langs die pad?

Kom luister na Marius Swart, vertaler en dosent, in gesprek met digter-vertalers Alfred Schaffer, Zandra Bezuidenhout en uitgewer Nèlleke de Jager.

JERZY KOCH – VER VAN DIE PLAAS

18:00 – 18:55 | Mont Du Toit Woordtent

Met: Jerzy Koch in gesprek met Daniel Hugo

Daniel Hugo praat met Jerzy Koch, bekende Poolse akademikus, oor sy Afrikaanse digbundel, *Pleks van plaas* (Naledi, 2020). Prof. Koch is die hoof van die Afdeling Nederlandse en Suid-Afrikaanse Studies by die Fakulteit Engels van Adam Mickiewicz-Universiteit in Poznań. Hy was ook oprigter en jarelange hoof van die Afdeling Moderne Nederlandse Letterkunde en Afrikaans by die Erasmus-Leerstoel vir die Nederlandse Filologie aan die Universiteit van Wrocław (tot 2011), en het bekendheid verwerf vir sy vertalings van Breyten Breytenbach en Antjie Krog se gedigte.

PEN AFRIKAANS SE LEDE GRATIS

Lede van PEN Afrikaans, ’n skrywers-organisasie wat hom beywer vir die bevordering van Afrikaanse woordkuns en die letterkunde, sowel as vir uitdrukkingsvryheid en taalregte, kan die Tuin van Digters gratis bywoon. PEN Afrikaans is deur sy lidmaatskap van PEN International die verteenwoordiger van sy lede en die Afrikaanse skrywersgemeenskap in ’n internasionale verband. Vir vereistes vir lidmaatskap besoek https://penafrikaans.org.za/.

ONS KLYNTJI 2021 – AMPTELIKE BEKENDSTELLING

19:00 – 19:45 |Akkoordtent

Met: Toast Coetzer en Erns Grundling

Ons Klyntji is ’n alternatiewe, veeltalige zine wat gedigte, kortverhale, fotografie en comics publiseer. Van die digters en skrywers gaan hulle gedigte en verhale voorlees.

INGRID JONKER-PRYS

20:00 – 20:45 | Akkoordtent

Met: Ronel de Goede, Astrid de Vos, Simone Garcia Marques en Ryan Pedro

Ryan Pedro het vanjaar met sy bundel *Pienk ceramic-hondjies* (Kwêla) die Ingrid Jonker-prys vir ’n Afrikaanse debuutbundel gewen. Afrikaanse debuutbundels wat in 2019 en 2020 gepubliseer is, het in 2021 in aanmerking gekom vir die prys. Die ander digters op die kortlys was Lynthia Julius vir *Uit die kroes* (ook Kwêla) en Gisela Ullyatt vir *Die waarheid oor duiwe* (Protea Boekhuis).

NAGWOORDE EN AKKOORDE

21:00 – 22:00 | Akkoordtent

Met: Digters en sangers

Riku Lätti en die digmakers en sangers van die nag sluit die tiende Tuin van Digters af soos net hulle kan.

sondag 24 oktober 2021

KLASSIEKE LAATMIDDAG MUSIEKKONSERT

17:00 – 18:00 | Die Akkoordtent

Met: Lara Kirsten (klassieke pianis en 'performance poet')
Koste: R150 per persoon (sluit in wyn en ligte eetgoed)

BESPREKINGS EN NAVRAE
Jeanne-Mari Gerber 073 435 1022
besprekings@breytenbachsentrum.co.za

Hierdie is **Lara Kirsten** se **debuutoptrede in Wellington** nadat sy haar in 2019 uit die KwaZulu-Natalse Middelande in die Overstrand gevestig het.

Sy sal 'n **keur** speel van beroemde (en nie so beroemde) musiek deur die **meesterkomponiste Beethoven, Chopin, Rachmaninoff, Albeniz and Debussy**. 'n Deel van die program bestaan ook uit musiek deur die **rolprentkomponiste Yann Tiersen (*Amélie*) en Michael Nyman (*The Piano*)** sowel as van **Lara se eie improvisasies en 'n spesiale keuse van haar eie gedigte**.

Besoek gerus **Lara se gedigte, videos, foto's en kreatiewe projekte** op haar blog by http://laraafrika.blogspot.com/.

RECTO-VERSO: ’N GROEPUITSTALLING

Die groepuitstalling word op Vrydag 22 Oktober om 18:00 deur die voorsitter van Strauss & Co, Frank Kilbourn, geopen.

Die kunstenaars wat deelneem is William Kentridge, Christiaan Diedericks, Shui-Lyn White, Linda Weaver, Sharle Matthews, Estelle Marais, Angus Taylor, Michele Nigrini, Marieke Kruger, Judy Woodborne, Kobus Coetzee, Neelan Naidoo, Ceramic Matters en Peter van Straten, wie se kunswerk vanjaar saam met Tuin van Digters se logo gebruik word.

Breyten Breytenbach het jare gelede op die eiland Gorée ’n nuwe denkrigting begin naamlik, *Imagine Africa.* Hierdie het gelei tot inspirasie vir die uitstallingsonderwerp vir 2021.

COVID het ons genoop om met nuwe oë na alles te kyk en ook om die lewe soos dit was, agter ons te sit en die toekoms te herverbeel.

Recto: Soos geleen van Latyn, *recto folio* (op die blaar, op die regte bladsy.) Die voorkant van ’n objek wat visueel bestudeer moet word, hetsy ’n bladsy, blaar of kunswerk.

Verso: Van die Latynse *verso folio* (op die omgekeerde blaar, op die omgekeerde bladsy), versus, of te wel omgedraai, omgekeer of verander.

MUSIEK, LIRIEK EN KERAMIEK: ’N SOLO-UITSTALLING

Die solo-uitstalling deur Martin Swart vind plaas in die Cloete-gemeenskapsgalery op die grondvloer van die hoofgebou.

“So ... dis dalk nie alles toeval dat ek wonder bo wonder nog soos ’n kind kan glo daar's ’n plek waar ek vir ’n oomblik kan vergeet van die kennis van goed en kwaad nie ...” – Coenie de Villiers

Martin Swart, skaapboer en keramiekkunstenaar, die kind van Namakwaland, se aanklank met Coenie de Villiers se lirieke, veral oor die Karoo, het spontaan gelei tot samewerking tussen die keramiek- en musiekkunstenaar. “Kring om die maan,” “Karoonag,” “Op reis” en woorde soos “katbos en kambroo,” word visueel vergestalt in Swart se keramiekwerke.

WOORDMAKERSVALLEI EN DIE GREVILLEAS STEUNFONDS

Die Breytenbach Sentrum se nuutgestigde **Grevilleas Steunfonds**, genoem na die hoofgebou van die Sentrum, is as deel van die Sentrum se **Projek Woordmakersvallei** deur **Breyten Breytenbach** afgeskop tydens sy en sy vrou Yolande se onlangse besoek van twee maande aan Suid-Afrika.

Breyten het ’n volksboekie of traktaat, **HOKHOKAAI FRAGMENTE** by die sentrum bekendgestel asook ’n kunsuitstalling, **SKEURSELS**, bestaande uit kunswerke wat hy in 2020 en vanjaar in die grendeltyd geskep het. Hy gee die inkomste daarvan aan die Grevilleas Steunfonds.

Hy het hom by die geleentheid onder meer as volg uitgelaat:

“Die Breytenbach Sentrum is ’n kruis-punt van wedersydse omvorming. Dit is nooit ‘ons’ s’n nie al bly dit ook ’n herinnering aan behoort. Dis ’n ruimte van aangee waar ervarings en insigte en vaardighede gedeel en waar van mekaar geleer kan word. Dit is ook ’n proses van herkénning waar daar uitruiling mag wees tussen die hier en dié en dit wat van elders kom.

“Belewenisse van saamgroei vertaal tot die uiting van ’n taal wat die strewe na skepping vergestalt. Daardie gang is ons droomboek teen sterwe sodat ons mag aanhou sterre plant in die erfenisaarde. Die droom is dat hierdie Sentrum eweneens die beliggaming kan wees van ’n WOORDMAKERSVALLEI vir ander.

“Tyd verwyl en word dalk yl. Tyd is taal. Taal is tyd gehaal uit die aarde. Tyd is dus syn en syn is, sover ons dit kan ervaar, taal-inwording. Is dit waar? Die waarheid is fragmentaries van aard en soms is dit net ‘n maan in die dam.”

Enigeen wat ’n geldelike bydra wil maak en so die toekoms van die Sentrum help verseker, kan inbetalings doen aan:

Breytenbach Kultuursentrum
Nedbank
1029022739
Wellington (198765)
Die verwysing is: Steunfonds.

Skenkings is belastingaftrekbaar en bewyse van inbetalings kan gestuur word aan info@breytenbachsentrum.co.za.

WAT JY MOET WEET

Daar is **twee ingange na die Tuin van Digters**: In Burgerstraat langs die hoofgebou by die hek na die tuin en by die parkeerterrein regs agter die sentrum deur die groot hek. Alle vertonings, behalwe as dit anders aangedui word, word in die **Mont Du Toit Woordtent in die digterstuin en in die Akkoordtent agter die hoofgebou** aangebied.

Wyn en ander drank is in **Die Bôrdienghuis-teater** te koop en eetgoed by stalletjies op die terrein sowel as by **koffie@breytenbach**, die Breytenbach Sentrum se koffiewinkel. Besoek ook die **Kardoes-winkel langs die Breytenbach-galery** vir kunsgeskenke.

Digters se bundels sowel as ander bundels en boeke sal by **Protea Boekwinkel van Stellenbosch se stalletjie in die Akkoordtent** te koop wees. Besoek ook **The Book Traders, die tweedehandse boekwinkel op die grondvloer van die hoofgebou**. Kom koop ’n kinderboek of twee by The Book Traders se kinderboekstalletjie.

NB UITGEWERS DIGBUNDELS EN PUBLIKASIES

NB Uitgewers het ’n uitstalling van digbundels en ander publikasies wat onlangs en vroeër verskyn het. NB publikasies is ook by Protea Boekhuis se stalletjie en in The Book Traders-boekwinkel te koop.

SÓ HELP ONS

Francois Lötter
Hooforganiseerder
083 408 1902
francois@breytenbachsentrum.co.za

Deon Meiring
Seremonieleier, verhoogbestuurder, skakeling met deelnemers
082 464 7897

Jessica Ruiters
Administrasie, noodhulp, Covid-regulasies
062 060 8586
info@breytenbachsentrum.co.za

Jeanne-Mari Gerber
Kaartjies en besprekings
073 435 1022
besprekings@breytenbachsentrum.co.za

Anne-Ghrett Erasmus
Breytenbach Galery en verblyf
083 415 0002
galery@breytenbachsentrum.co.za

Esther Kotzé
The Book Traders boekwinkel
072 997 4813 thebooktraders@gmail.com

Hugo Gerber
Vervoer, Terrein, logistiek, toesighouer
071 459 5059

Jeannine du Frene
Bestuurder, Die Bôrdienghuis Teater
061 156 5386

WELLINGTON TOERISME

Skakel met die Wellington Toerisme-kantoor by info@wellington.co.za om jou te help met jou verblyfbesprekings en om ander inligting oor Wellington en die omgewing te kry.

BESPREKINGS EN NAVRAE

Jeanne-Mari Gerber 073 435 1022
besprekings@breytenbachsentrum.co.za
H/v Burger- en Malherbestraat, Wellington

KAARTJIEPRYSE

Toegang vir Vrydag 22 Oktober:
R150 per persoon (sluit alle aanbiedings op die program in vir 22 Oktober)
Toegang vir Saterdag 23 Oktober:
R250 per persoon (sluit alle aanbiedings op die program in vir 23 Oktober)
Tweedagpakket vir Vrydag 22 Oktober en Saterdag 23 Oktober:
R350 per persoon (Sluit alle aanbiedings in op 22 en 23 Oktober)
Studente-afslag:
R100 per persoon per dag (met geldige studentekaart)
Opbetaalde lede van PEN Afrikaans:
Gratis toegang

BORGE

Dagbreek Trust, NB Uitgewers, Mont du Toit Kelder, Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, NLDTF (Nasionale Lotery), Rupert Historiese Huise-stigting, Prosperity Management Africa, Drakenstein Munisipaliteit, Michael Kaden (Paarl Paving), Wellington Build it plus.

VENNOTE

NB Uitgewers, Naledi, Protea Boekwinkel (Stellenbosch), Ons Klyntji Internasionaal, PEN Afrikaans, Wellington Toerisme, Die Bôrdienghuis Teater, The Book Traders, Breytenbach Galery, koffie@breytenbach.

VERBLYFBORGE

Hartlike dank aan al ons verblyfborge vir hulle ondersteuning!

DANKIE AAN MONT DU TOIT KELDER

Baie dankie aan Mont du Toit Kelder vir hul naamborgskap van die **Mont du Toit Woordtent** en verskaffing van wyn. Mont du Toit Kelder is geleë aan die voet van die Hawekwaberge in Wellington. Geniet hulle wyne en besoek www.montdutoitwines.co.za.

MONT DU TOIT KELDER

PROGRAM ONDERHEWIG AAN VERANDERING

Volg **Breytenbachsentrum** op Facebook en Instagram en besoek ons webwerf, www.breytenbachsentrum.co.za, vir die nuutste inligting oor die Tuin van Digters 2021 en om op ons nuusbrief in te teken.

COVID-19 EN TUIN VAN DIGTERS 2021

Die **Tuin van Digters 2021 se organiseerders het verseker dat aan alle vereistes** voldoen sal word met inagneming van veiligheids-maatreëls wat die naweek van **22 tot 24 Oktober 2021** mag geld. Die nodige regulasies soos meting van temperatuur, neem van besonderhede van besoekers, dra van maskers en sosiale afstand sal streng nagekom word.

Sekere programitems sal ook moontlik aanlyn gevolg en virtueel aangebied word en indien nodig opgeneem en later aanlyn gekyk kan word. Besonderhede daaroor sal op die **Breytenbach Sentrum se Facebookblad en webblad** aangekondig word.